



**basic education**

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015**  
**ASSESSERINGSRIGLYNE**  
**AFRIKAANS HUISTAAL**  
**GRAAD 7**

**INLEIDING**

Die 2015-siklus van die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA 2015) word geadministreer in al die staats/openbare en onafhanklike skole in September 2015. Gedurende hierdie tydperk sal al die leerders in graad 7 'n toets wat nasionaal opgestel is in Taal en Wiskunde aflê en die resultate sal gebruik word om die vordering met betrekking tot die bereiking van die doelwitte wat in die Aksie Plan 2014 jeens skoolopleiding 2025 te meet.

Die leerders sal JNA-toetse gedurende die derde skoolkwartaal skryf. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het riglyndokumente vir elke graad en vak voorsien (Taal en Wiskunde) wat gebaseer is op die minimum kurrikulumdekking wat van leerders verwag word om die toets met redelike sukses te beantwoord. Die riglyne stel die grense van die omvang van die werk vir elke vak en graad wat deur die toets gedek sal word.. Die 2015-riglyne JNA is ontwerp in ooreenstemming met die weergawes van die kurrikulum wat geïmplementeer word by die verskillende stadiums en grade.

**SENIOR FASE**

JNA 2015 is gebaseer op KABV soos dit geïmplementeer is vanaf 2014. Die inhoud, vaardighede en kennis wat in die toetse gedek sal word kom uit die onderrigplanne in die KABV dokument vanaf kwartaal 1 - kwartaal 3 (Week 6). Die beste voorbereiding vir JNA is onderrig volgens die KABV onderrigplanne. Die riglyne is saamgestel in kolomme en rye en moet van links na regs in dieselfde ry gelees word. Die riglyne gee die basiese minimum kurrikulum wat gedek moet word teen die einde van die derde skoolkwartaal.

Dit is belangrik om daarop te let dat die JNA 2015 riglyne nie impliseer dat die afgebakende werk al is wat geleer moet word gedurende die skooljaar nie. Die riglyne voorsien die basiese minimum kurrikulumdekking teen die einde van die derde skoolkwartaal.

Daar word van onderwysers verwag om hierdie riglyne te tesame met ander hulpbronne te gebruik vir hul onderrig en assessoringsprogramme.

Dit is belangrik dat onderwysers hul eie assessoringsinstrumente moet gebruik en dit aanvul met voorbeeld vanuit JNA om sodoende skoolgebaseerde assessoring te verryk en te ontwikkel.

VAARDIGHEID	Inhoud	Subvaardighede/kennis/bevoegdhede beoordeel
Lees en kyk	Kortverhaal/ volksverhaal/ poësie/advertensie/ plakkaat	<p>Toon begrip van die kenmerke van 'n kortverhaal/volksverhaal (Verwys na KABV Afr. HT bl. 35)</p> <p>Gee eie mening</p> <p>Skrywer se standpunt/siening</p> <p>Lei betekenis van onbekende woorde af</p> <p>Voorspellings</p> <p>Maak afleidings</p> <p>Verstaan al die kenmerke van advertensies (Verwys na KABV Afr. HT bl. 47)</p> <p>Manipulerende/orredende/figuurlike taalgebruik</p> <p>Vorm mening – analiseer feite/inligting in 'n teks</p> <p>Verstaan al die elemente van gedigte (Verwys na KABV Afr. HT bl. 33)</p> <p>Siening van die digter</p> <p>Lei betekenis van onbekende woorde af</p> <p>Verstaan al die elemente van 'n plakkaat (Verwys na KABV Afr. HT bl. 47)</p> <p>Gebruik van visuele/emosionele taal in die teks</p> <p>Gebruik van beeldspraak en stylfigure in teks</p>

VAARDIGHEID	Inhoud	Subvaardighede/kennis/bevoegdhede beoordeel
Taalstruktuur en-konvensies	Kortverhaal/ volksverhaal/ poësie/advertensie/ plakkaat	Verstaan die doel en gebruik van lees- en skryftekens Struktuur van enkelvoudige sinne Voor- en agtervoegsels Enkelvoudige- en saamgestelde sinne Sinonieme om die teks te verstaan Verstaan/verduidelik beeldspraak/letterlike en figuurlike taal
Skryf en aanbied	Opsomming Opstel - verhalend	Identifiseer hoof- en kerngedagtes Is in staat om te beplan, skryf 'n eerste konsep en finale verhalende opstel

Onderwysers word verwag om hierdie riglyne tesame met ander hulpbronne te gebruik vir die onderrig en assesseringsprogramme sodat leerders vertroud is met die verskillende style van assessorering. Die belangrikste is dat daar van onderwysers verwag word om hul eie assesseringsinstrumente, waaronder sommige van die style wat in die JNA voorbeeldte voorkom, uit te brei en te verryk en sodoende skool-gebaseerde assessorering ontwikkel.

## ASSESSERINGSRUBRIEK: VERHALENDE OPSTEL – HUISTAAL (20 PUNTE)

<b>20 PUNTE</b>	<b>Verdienstelik 9 -10</b>	<b>Aansienlike poging 7-8</b>	<b>Voldoende 5-6</b>	<b>Basies 3-4</b>	<b>Onaanvaarbaar 0-2</b>
<b>Inhoud, beplanning, onderwerp en idees</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Deeglike interpretasie van die onderwerp.</li> <li>Interessante en verbeeldingryke idees.</li> <li>Bewys van beplanning lei tot 'n baie goed saamgestelde en gepaste aanbieding.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Goeie interpretasie van die onderwerp.</li> <li>Interessante en oortuigende idees.</li> <li>Bewys van beplanning lei tot 'n goed saamgestelde en geskikte aanbieding.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Voldoende interpretasie van die onderwerp.</li> <li>Gemiddelde idees, diepte ontbreek.</li> <li>Bewys van beplanning en resultate in 'n bevredigende en geskikte aanbieding.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Inhoud dikwels onverstaanbaar, onsamehangend.</li> <li>Min idees en dikwels herhaal.</li> <li>Onvoldoende beplanning lei tot 'n swak aanbieding.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Irrelevante inhoud, geen samehang</li> <li>Herhalende idees.</li> <li>Geen bewyse van beplanning nie. Baie swak aanbieding.</li> </ul>
<b>10 PUNTE</b>		<b>5</b>	<b>4</b>	<b>3</b>	<b>2</b>
<b>Taal, styl en redigering</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Bewyse van kritiese taalbewustheid.</li> <li>Die korrekte gebruik van taal en leestekens.</li> <li>Styl, taal en register hoogs gepas.</li> <li>Hoofsaaklik foutloos</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Bewyse van kritiese taalbewustheid.</li> <li>Taal en leestekens meestal korrek.           <ul style="list-style-type: none"> <li>Styl, taal en register foutloos.</li> <li>Meestal foutloos</li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Aanduiding van kritiese taalbewustheid.</li> <li>Eenvoudige taal en voldoende leestekens.</li> <li>Styl, taal en register geskik vir die teks.</li> <li>'n Paar foute</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Geen kritiese taalbewustheid nie.</li> <li>Swak taal en leestekens gebruik.</li> <li>Styl, taal en register soms onvanpas</li> <li>Heelwat foute.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Geen kritiese taalbewustheid nie.</li> <li>Baie swak Taal en leestekens gebruik.</li> <li>Styl, taal en register is onvanpas.</li> <li>Enorme hoveelheid foute</li> </ul>
		<b>5</b>	<b>4</b>	<b>3</b>	<b>2</b>
<b>Lengte en struktuur</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Inhoud is logies ontwikkel; samehangend.</li> <li>Variasie in sinsoorte; logiese verbindings tussen paragrawe.</li> <li>Lengte is korrek.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Inhoud is goed ontwikkel; sinstruktuur samehangend.</li> <li>Goeie paragrafering</li> <li>Lengte is korrek.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Voldoende inhoud, nodige besonderhede ontbreek.</li> <li>Foute met sinstruktuur en paragrafering, steeds sinvol.</li> <li>Lengte is korrek</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Wyk af van die onderwerp, betekenis soms onduidelik.</li> <li>Basiese elementêre Sinstrukture en paragrafering.</li> <li>Lengte is te kort / lank.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Wyk af van die onderwerp.</li> <li>Min bewustheid van gepaste uitdrukking.</li> <li>Lengte heeltemal te kort / lank.</li> </ul>
<b>5 PUNTE</b>					<b>0 - 1</b>